

Laat die Almagtige jou verwagting wees

Ons Vader is en bly God, die Ewige, die Almagtige, die Heilige, die Skepper. Moet Hom nie 'n verkleinwoordjie maak nie. Ons mag nie aards oor sy hemelse majesteit dink nie, so bely ons. Hierin gee Christus vir ons wonderlike troos. Ons Vader is die Almagtige. Hy wil nie net nie, Hy kan alles wat ons vir liggaam en siel nodig het, gee. Kan u weer Vraag en Antwoord 118 hierin hoor? Dat ons alle geestelike en liggaamlike behoeftes voor Hom moet lê?

Ons bely dat ons dit alles van sy almag kan verwag omdat ons Vader in die hemel is. “Verwag” is so 'n mooi woord. Ons lees dit veral in die Psalms, dat die gelowiges die Here verwag het en dat hulle hele verwagting op Hom gerig was. “Verwag” beteken om op die Here te vertrou. Hierdie vertrou het veral te make met 'n uitsien na iets wat nog nie gebeur het nie. Dit het met uitkoms te make, met die beantwoording van gebede.

In ons verwagting lê daar dus hoop opgesluit. Dawid bid in Psalm 25 dat die Here hom tog nie in die skande sal laat kom nie, want hy vertrou op Hom. Dan skryf hy verder onder leiding van die Heilige Gees dat die gelowiges wat die Here verwag, nooit in die skande sal kom nie. Gelowiges wie se hele verwagting op die Here rus, sal nie skaam gemaak word nie. Nooit nie!

Ja, soms moet ons langer wag as wat ons voel dit vir ons moontlik is, maar dit verander niks aan hierdie belofte nie. As jy God jou verwagting gemaak het, sal jy nie beskaam word nie. In Christus is ons grootste skande weggeneem – ons sonde. In Christus het die Almagtige ons Vader in die hemel geword. Daarom kan jy en daarom moet jy alles wat jy vir liggaam en siel nodig het, biddend van Hom verwag.

Sing: Psalm 25-1:1, 2

Ds. RA (Ronald) Bain (Potchefstroom)